


Proppe: Eendag gaan jy hulle nog mis!

Desember 2011



'n Stuk staal het van steiers afgeval wat opgerig is vir mense om van te werk. Dit val toe op die handvatsel 'n 20 mm kwartdraai ventilasieklep op 'n groot prosespyl en maak die klep oop. Vlbare materiaal word toe vrygelaat en dit raak aan die brand. Die gevolglike brand veroorsaak die dood van een kontrak werker en ernstige brandwonde aan twee ander.

Tydens die ongeluk was daar geen prop op die uitlaat van die 20 mm ventilasieklep nie. Die kwartdraai ventilasieklep was die enigste ding wat die vrylating van vlbare materiaal moes voorkom.

Die insident het gebeur omdat iets op die klep se handvatsel geval het en die klep oopgemaak het. Kan jy dink aan ander maniere waarop 'n klep kan lek of per ongeluk oopgemaak kan word?

Het jy geweet?

- Daar moet meer as een vlak van beskerming wees teen die vrylating van 'n gevaarlike stof na die atmosfeer. 'n Enkele lekkende klep of klep wat per ongeluk oopgemaak word, behoort nie te kan lei tot die vrylating van 'n gevaarlike materiaal nie.
- Dit is maklik om te vergeet om 'n prop op 'n dreinklep of monsterklep terug te sit as jy daaraan gewerk het. Die persoon wat die prop afgehaal het was waarskynlik van plan om later terug te kom en die prop weer op te sit, maar mens raak besig in die aanleg en vergeet maklik.
- 'n Klein klep of pyl kan 'n baie ernstige en gevaarlike vrylating veroorsaak.

Wat kan jy doen?

- Maak seker dat jy altyd die proppe van dreinkleppe, monsterkleppe en ander plekke waar daar proppe is, terug sit as die werk klaar is. Die taak is nie voltooi voordat die prop teruggesit is nie.
- Waar proppe weggeraak het of beskadig is, maak seker dit word vervang of herstel en weer teruggesit.
- Onthou dat sekere dreinpunte nie proppe op mag hê nie, byvoorbeeld dubbel blok en drein sisteme. (Double block and bleed) As jy nie seker is of 'n prop nodig is nie, vra iemand wat die ontwerp verstaan.
- Soek vir plekke 'n lek van vlbare of giftige materiaal veroorsaak kan word deur 'n lekkende klep of 'n klep wat per ongeluk oopgemaak kan word. Rapporteer sulke gevalle en verseker dat 'n tweede vlak van beskerming ingestel word, byvoorbeeld 'n prop, blinde flens of 'n tweede klep.
- Kan kwartdraai kleppe se handvatsels so geplaas word dat dit nie per ongeluk oopgemaak of raakgetrap kan word nie?
- Dis dalk nodig om 'n ander tipe klep as 'n kwartdraaiklep te oorweeg wat nie so maklik oopmaak nie, soos byvoorbeeld 'n propklep met 'n draai-aksie.
- Volg die Bestuur van Verandering (Management of Change) prosedure as veranderinge aan 'n klep of die klepuitleg gemaak moet word sodat alle risiko's oorweeg kan word.

Moenie dat 'n enkele faling 'n ernstige insident veroorsaak nie!